

10 September 1 Johannes 2:1-15; (Teks 2:12-15)

God sorg altyd vir sy kinders

Johannes skryf vir sy gemeente en noem hulle "Liewe kinders". Hulle is kinders van God wie se sondes vergewe is.

Maar onder Johannes se geloofskinders is daar bejaardes, jongmense en kinders. Vir elkeen het hy 'n boodskap om hulle te verseker dat God vir hulle gesorg het. As ons mooi lees dan sien ons dat die boodskap 'n bemoediging vir elke lewensfase inhou.

Bejaardes vra aan die einde van hulle lewe vrae oor die betekenis van alles wat hulle gedoen het en alles wat met hulle gebeur het. Daarom skryf Johannes vir hulle dat *Jesus van die begin af daar was*. Van die begin van jou lewe af was Jesus daar. Hy was van die begin van die wêreld af daar. Hy sal aan die einde van jou lewe ook daar wees. Hy gee van die begin af betekenis aan jou lewe.

Jongmense is aan die volle spektrum van die lewe blootgestel. Hulle verlaat die ouerhuis en moet op hulle eie bene staan. Daarom skryf Johannes aan hulle *dat die Bose oorwin is*. Jongmense kan op die krag van Jesus se oorwinning oor die Bose staan teen die volle aanslag van die lewe.

Kindertjies is weerloos en het iemand nodig om hulle te versorg. Daarom skryf Johannes aan hulle oor God wat soos 'n goeie Vader sy kinders koester. Kindertjies kan die Vader en sy sorg al hoe meer leer ken. In watter lewensfase jy ook al is - God is daar vir jou. Sy werk is ook spesiaal vir dit wat jou nou beleef.

Sing: Skrifberyming 33:1

Ds. W.J. Fourie (Bloemfontein-Wes)